



Eksodus 17:1-7 & 1 Korintiërs 10:2-4

Die voorsieningsmotief

Vandag hervat ons weer die verhaal van die Israeliete wat hulself steeds in die woestyn bevind waarheen Moses hulle op die bevel van God gelei het. Hierdie gedeelte volg op Eksodus 15 waar God die bitter water van Mara soet gemaak het en op Eksodus 16 waar God kwartels en manna aan die volk voorsien het.

Met die eerste oogopslag is die verloop van Eksodus 17 soortgelyk: die volk beleef 'n dringende behoefte, hulle roep uit en verset hulle teen Moses en Aäron, God sien hulle nood raak en voorsien dan op wonderbaarlike wyse aan hulle. Hierdie patroon wat in die verskillende verhale van Eksodus 15 en 16 uitspeel, word as die voorsieningsmotief van Eksodus beskryf en dit is ook wat oor die algemeen hier in Eksodus 17 gebeur: die volk is dors, hulle maak rusie met Moses en God voorsien dan aan hulle water vanuit 'n rots.

Juridiese verhaal

In hierdie sewe verse van Eksodus 17 is daar egter ook iets anders aan die gebeur. Daar is iets groter op die spel en 'n veel dieper, meer ernstige stryd is hier aan die gang. Vanuit die Hebreeuse teks – en veral die woord wat hier as “rusie maak” vertaal word, is dit duidelik dat die volk hier nie net kla nie, maar 'n regsgeeding teen Moses aanhangig maak. Dit is 'n fassinerende teksgedeelte omdat die verhaal wat hier afspeel, 'n juridiese verhaal word waar daar in vers 1-3 'n klag gelê word, 'n verhoor in vers 4-5 plaasvind en 'n strafoplegging in vers 6-7 gedoen word.

Die klag

Op die bevel van God lei Moses die volk dieper die woestyn in na 'n plek genaamd naam Refidim – 'n plek waar daar nie 'n druppel water te vinde is nie. Die Israeliete is ontsteld en kwaad as gevolg van hulle dringende dors en daar is

‘n groeiende gevoel dat hulle hier tot sterwe sal kom. Hierdie nood en oortuiging het tot gevolg dat hulle hulself teen Moses te verset. In die oë van die Israeliete het Moses verraad gepleeg: het hy die volk verraai deur hulle om te praat om Egipte te verlaat en die woestyn in te gaan net om hier tot sterwe te kom! Die Israeliete dien dan offisiële klag in – en ‘n ernstige een nog daarby! So ernstig is die klag dat Moses aan God sê dat hy tot die dood veroordeel kan word; dat hy gestenig kan word.

Moses weet egter dat hulle klag nie teen hom gerig is nie, maar dat hulle eintlik op ‘n baie subtiele wyse vir God aankla. Daarom roep hy uit en vra: “Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?” Verder nog, is hierdie klagtes as’t ware ‘n manier waarop die Israeliete sê dat hulle nie God met hulle lewe – veral nie hulle lewe in die woestyn – vertrou nie; dat hulle eintlik beter weet. Met hierdie woorde en hierdie aanklag, word hulle dan diegene wat ten diepste verraad teen God pleeg.

Die verhoor

Soos met elke wetlike aanklag, moet daar ‘n verhoor wees en vir hierdie verhoor word Moses aangesê om twee dinge saam met hom te neem: die leiers van die volk en sy staf. In die eerste plek was die staf van Moses van besondere belang: sy staf was ‘n simbool van God se geregtigheid en gesag. Die staf het daarop gedui dat ‘n straf uitgedeel sou word. Tweedens, neem hy dan ook die leiers van die volk saam wat daarop dui dat hierdie ‘n hofaangeleentheid is, dat daar ‘n hofbeslissing sal wees en dat daar vir so ‘n beslissing hofamptenare nodig is. Die ernstige aanklagte noodsaak ‘n verhoor en ‘n straf. Iemand verdien dus ‘n verhoor, maar wie...?

Die straf

In ‘n verstommende sin in vers 6 vind ons die ongelooflike antwoord waar God aan Moses sê: “Ek sal gaan daar reg voor jou op die rots van Horeb staan.” Hierdie Hebreeuse woorde (vir “om voor iemand te staan”) word meestal ingespan vir knegte wat voor hulle meerderes verskyn om ‘n bevel te ontvang of om oor ‘n oordeel gevel te word, maar God sê hier aan Moses dat Hyself voor hom sal staan. M.a.w. sal God in die beskuldigingsbank staan wat vir die aangeklaagde bedoel is. Hyself sal die straf wat die Israeliete toekom, absorbeer. Moses lig dan sy staf en slaan dan die rots waarop God staan.

Die betekenis

Vir die Israeliete in die woestyn het dit beteken dat God weereens op wonderbaarlike wyse aan hulle water voorsien het. Hulle het egter nog vir dekades in die woestyn rondgeswerf om waarlik hulle afhanklikheid aan God te verstaan en om sy leiding te vertrou.

Eeue later het Paulus egter die dieper simboliese boodskap van wat hier in Eksodus 17 gebeur het, vir gelowiges interpreteer: Christus was die rots wat geslaan is, die rots waaruit water voortgevloei het. Die geloofsreis van gelowiges word dikwels deur die Nuwe Testamentiese skrywers as woestyn of wildernis beskryf. Dit is 'n tyd van vreugde en vrede, maar ook 'n tyd van swaarkry en lyding waar ons dikwels in ons binneste ook vir God aankla en verraai. God het egter 'n fontein in die woestyn, in die wildernis, oopgemaak want Hy het self die wildernis binnegegaan en ons straf ontvang. Hy het die lyding van hierdie wêreld en die oordeel wat ons toekom aan die kruis geabsorbeer. Die water vanuit die rots, die Lewende Water, is daar vir elkeen van ons om van te drink. Dit sal ons in elke woestyntyd verkwik.

'n Bekende kerklied wat in 1745 deur William Williams geskryf is, verwoord die wonder van die fontein in die woestyn:

Guide me, O Thou great Redeemer
Pilgrim through this barren land;
I am weak, but Thou art mighty,
Hold me with Thy powerful hand.
Bread of heaven, Bread of heaven,
Feed me till I want no more;
Feed me till I want no more.

Open now the crystal fountain,
Whence the healing stream doth flow;
Let the fire and cloudy pillar
Lead me all my journey through.
Strong Deliverer, strong Deliverer,
Be Thou still my Strength and Shield;
Be Thou still my Strength and Shield.